

INHOUDSOPGAVE

1. 'n Onderskeid tussen die konsep en die stelsel (struktuur) van apartheid.
2. Die ondeugsamheid van 'n verregse en van 'n radikaal-linkse strategie.
3. Suid-Afrika se groot buitelandse blootstelling.
4. Die belangrikheid van 'n historiese perspektief.
5. Die ontstaansgeskiedenis van apartheid.
 - (a) Die Engelse establishment en die ekonomiese (of kapitalistiese) dimensie van apartheid.
 - (b) Die Afrikaner nasionalisme en die politieke dimensie van apartheid.
6. Vier uitdagings t.o.v. waardes, die ekonomiese stelsel, die sosiale strukture en die konstitusionele strukture.
7. Die ekonomiese en politieke implikasies van die aftakelingsproses.
 - (a) Die herverdeling van inkomme en geleentede.
 - (b) Voorwaardes vir 'n haalbare nuwe grondwetlike bedeling.
 - (c) 'n Aangepaste of welsynstaat-kapitalistiese stelsel.
8. Die belangrikheid van onderhandeling en voortgesette probleem-analise.

- 1) Voordrag gelewer by die seminar oor Apartheid: Die Afskaffingsproses, wat aangebied is deur Perspecta in Mount Helson Hotel, Kaapstad op 13 Maart 1986.

1986

1. In die openingstoespraak voor die Parlement op 31 Januarie 1986, het die Staatspresident in onomwonde taal gesê dat Suid-Afrika die uitgediende koloniale stelsel van paternalisme sowel as die uitgediende konsep van apartheid ontgroei het. Ongelukkig het die Staatspresident nie aangedui of hy die apartheidstelsel ook as uitgediend beskou nie. Maar aangesien ons die konsep daarvan ontgroei het en die voortgesette bestaan daarvan nie meer konseptueel - en ek neem aan ook nie meer ideologies - gereverdig kan word nie (in elk geval nie deur die Nasionale Party nie), kan dit net een ding beteken en dit is dat ons die apartheidstelsel sal moet aftakel. Die wyse waarop hierdie aftakelingsproses behoort te verloop, gaan sonder twyfel een van die hoofpunte op die agenda wees in die jare wat voorlê.

Ek sou baie bly gewees het indien dit moontlik was om apartheid met 'n enkele pennestreek (of handtekening) af te skaf soos sommige mense bepleit. Ongelukkig is so-iets net nie moontlik nie. Die rede hiervoor is dat apartheid nie net 'n beleid is nie, maar oor 'n tydperk van minstens 100 jaar deel van die Suid-Afrikaanse samelewingspatroon geword het en daarom 'n integrale deel uitmaak van die sosiale, ekonomiese en politieke opset of struktuur van Suid-Afrika. Gevolglik is dit eintlik verkeerd om eensydig te praat van die aftakeling van apartheid. Wat wel ter sake is, is 'n proses van strukturele verandering waarin die apartheidstrukture geleidelik afgetakel moet word, enersyds en toepaslike sosiale, ekonomiese en politieke strukture gelyktydig in die plek daarvan opgebou moet word, andersyds. Só 'n dubbelloop herstruktureering van die Suid-Afrikaanse samelewingspatroon, gaan dus tot gevolg hê dat reste van apartheid vir 'n betreklik lang tyd gaan bly bestaan. Iemand wat hierin 'n bedekte pleidooi vir die behoud van apartheid sien en my daarvoor wil verwyt, lees my heeltemal verkeerd. Só 'n persoon begryp ook niks van die strukturele karakter van apartheid nie. Hy onderskat waarskynlik ook die pynlikheid en die opofferings wat enige proses van diepgaande strukturele hervorming op sosiale, ekonomiese en politieke gebied van die blankes gaan verg.

Manneer ek wys op die hoe "prys" en "opofferings" wat die aftakeling van apartheid van die blankes gaan verg, plaas dit my nogal in 'n morele krisis. Ek moet myself afvra of dit nie tot groter blanke weerspanningheid en onwilligheid gaan lei nie. Maar aan die anderkant kan ek in my wetenskaplike hoedanigheid nie toelaat dat die blankes voortleef in die illusie dat die aftakeling van apartheid hulle bevoorregte en verskanste posisie (op veral ekonomiese gebied) onaangestas gaan laat nie!

2. Ons bevind ons reeds in 'n redelik gevorderde beginfase van die proses van die afskaffing van apartheid. Die proses het reeds so ver gevorderd en reeds soveel eie momentum ontwikkel dat dit onmoontlik is om dit om te probeer keer. Indien verregse groepe hierdie proses om een of ander manier sou probeer stop of omkeer, sal dit tot 'n ernstige ontwrigting lei en Suid-Afrika op 'n onbeheerbare wyse destabiliseer. Dit is sorgwekkend dat die verregse groeperinge in die blanke politiek so blind is vir die geoorloofde griewe wat in swart geleedere bestaan. Sowel stabiliteit as regverdigheidsoorwegings vereis dat die proses van strukturele hervorming om van apartheid ontslae te raak, aansienlik versnel moet word. Maar aan die ander kant sal 'n radikale versnelling van die proses - soos deur links-radikale groepe opgeëis word - om as't ware holderstebolder van die stelsel ontslae te raak eweneens groot ontwrigting - veral op ekonomiese gebied - veroorsaak en eweneens die situasie op onbeheerbare wyse destabiliseer. Suid-Afrika bevind hom in 'n semi-konfliktsituasie en die Suid-Afrikaanse ekonomie is om 'n veelheid van redes baie kwesbaar.

Wanneer ek die beleidstrategie van die verregses en die radikaal-linkse groeperinge ten sterkste afwys, wil ek geensins beweer dat die regering se strategie die gulle middeveg in die aftakelingsproses verteenwoordig nie. Ek meen dat 'n aanmerklik en sigbare versnelling van die aftakelingsproses dringend nodig is. Om aan die regering se strategie die nodige geloofwaardigheid te gee is dit veral nodig dat die regering 'n duidelike verklaring sal uitreik om sy vaste en eerlike voorname om die uitgediende stelsel van apartheid geleidelik af te takel en met 'n toepaslike ander stelsel en/of struktuur te vervang, bo alle twyfel te stel. Met so 'n verklaring sal die owerheid hopelik die tyd kan wen wat nodig is vir 'n ordelike herstrukturering van die Suid-Afrikaanse bestel. So 'n verklaring kan ook baie help om die noodsaaklike middelgrond van gematigheid tussen alle bevolkingsgroepe te bou en om die radikalisme na regs en na links te fnuik.

My benadering verteenwoordig geensins 'n poging om 'n nuwe (konseptuele)

regverdiging vir apartheid aan te bied nie. Intendeel. Dit is bloot die pragmatiese benadering van 'n ekonom wat graag wil sien dat die ernstige probleme van 'n erg vergroeië situasie, so goed as moontlik bereedder sal word. Uit die oogpunt van die blankes gaan die aftakeling van apartheid in elk geval 'n zero-somspel wees. Dit wat die swartes aan sosiale welvaart gaan wen, sal grootliks deur die blankes opgeoffer moet word. Dit is 'n pypdroom om te dink dat die groeiokers so hoog gaan wees dat die noodsaaklike herverdeling deur middel van 'n hoe groeiokers bewerkstellig sal kan word. Terwyl die herstrukturering tot 'n groot hoogte 'n zero-somspel gaan wees, moet ons darem die nodige sorg aan die dag lê - en almal daarvan probeer oortuig - dat die aftakeling van apartheid nie teen 'n tempo en op 'n wyse moet gebeur dat dit in 'n kollosale negatiewe-somspel ontaard nie - dan sal almal (en dalk vir baie lank) verloorders wees!

3. Dit is seker onnodig om addisionele motivering vir die aftakeling van apartheid en vir 'n verklaring van voorname te gee. Maar vanuit 'n ekonomiese groei-oogpunt geoordeel, is dit tog nodig dat ek Suid-Afrika se groot ekonomiese blootstelling teenoor die buiteland sal beklemtoon. Suid-Afrika se in- en uitvoere - elk as 'n persentasie van die BNP - is gesamentlik sowat 60 persent. Boonop is Suid-Afrika ook baie afhanklik van buitelandse kapitaal, innovasies en kennis vir voortgesette ekonomiese groei. Wanneer ons aandag gee aan die aard en die tempo van die aftakeling van apartheid, moet ons rekening hou met die feit dat apartheid in die oë van die buiteland iets baie meer aaklig is as wat dit werklik is. Ons sal daardie aaklige persepsie van apartheid ook moet probeer afbreek. Dit gaan egter nie maklik wees om die buiteland met 'n aftakelingsproses te beïndruk nie. Dit gaan gevolglik baie moeilik wees om ons buitelandse ekonomiese verhoudings te normaliseer. Aan die ander kant is sodanige normalisering egter noodsaaklik vir die aftakelingsproses. Dit sal 'n bykans onbegonne taak wees om apartheid af te takel en die Suid-Afrikaanse samelewing te herstruktureer, as sanksies en boikotte gaan veroorsaak dat ekonomiese groei baie laag of selfs negatief gaan wees in die jare wat voorlê. Boikotte en sanksies enersyds, en 'n te stadige en verbeeldinglose hervormingsproses andersyds, kan ons maklik in 'n kwaadaardige sirkel laat beland waaruit ons nie maklik sal kan wegpreek nie. Dit kan die aaklike moontlikheid van 'n revolusie sterker na vore laat tree.

4. In die formulering van 'n beleidstrategie wat enersyds die nadele

van h blokkering of h onnodige verlangsaming van die aftakelingsproses wil voorkom, en andersyds die ontwrigting van h te vinnige aftakeling wil vermy, is dit noodsaaklik om te alle tye h goeie begrip te hê van wat apartheid is, waar dit vandaan kom en wat die historiese verloop daarvan was. Daar is mense wat sê dit is net die toekoms wat belangrik is en dat ons ons nie oor die verlede moet moeg maak nie. Aan so h onwetenskaplike en ahistoriese benadering tot die uiters belangrike (en historiese) oorgang tot h nuwe Suid-Afrika, het ek geen erg nie.

Dit is ongelukkig nie moontlik om hier h volledige weergawe van die ontstaansgeskiedenis en van die strukturele karakter van apartheid te gee nie. Ek het pas h manuskrip voltooi waarin ek vanuit die oogpunt van die Politieke Ekonomie o.m. die ontstaansgeskiedenis van apartheid in redelike groot besonderhede bespreek en ook op die implikasies van die noodsaaklike herstrukturering van die Suid-Afrikaanse bestel wys. Die boek sal hopelik in Julie deur Human en Rousseau gepubliseer word onder die titel Politieke Ekonomie en Sosiale Welvaart - met h toepassing op Suid-Afrika.

5. Ek is van mening dat h mens in enige gesprek oor apartheid duidelik tussen die ekonomiese en die politieke dimensies van apartheid moet onderskei. Die Engelse establishment - as h verlengstuk van Britse koloniale kapitalisme - het reeds sedert die laaste kwart van die vorige eeu - maar veral in die eerste helfte van hierdie eeu - strukturele beslag aan die ekonomiese (of kapitalistiese) dimensie van apartheid verleen. Gedurende die afgelope byna veertig jaar het die Afrikaner establishment - soos belligaam in die NP-regering - aan apartheid h verdere politieke en statutêre beslag gegee en die stelsel as geheel uitgebou en struktureel in stand gehou.

5.(a) Die verskeidenheid van maatreëls van rofweg vanaf 1870 tot 1950 deur die Engelse establishment getref is en in effek sowel laissez-faire kapitalisme as apartheid "gevestig" het, kan in vier groepe ingedeel word, nl. militêre optrede teen swart weerspannigheid, die oorskakeling van rentierboerdery na kapitalistiese boerdery, die konstitusionele ontwikkeling en die politieke beheer wat dit aan die Engelse establishment verleen het en die indiensnemings- en loonbeleid van die mynmaatskappye.

Gedurende die tweede helfte van die 19de eeu het die imperiale owerheid

in h lang reeks "kafferorloë" in Natal en Oos-Kaapland die inheemse bevolking aan die Britse gesag onderwerp. Ná hierdie onderwerping het die koloniale owerhede h reeks administratiewe reëlings getref om hulle imperiale belange te verskans en te bevorder. Hierdie maatreëls het sterk "segregasie-elemente" bevat en kan as h eerste vorm van geïnstitusionele apartheid beskou word.

Naas militêre optrede was die opbou van h kapitalistiese boerderystelsel een van die vernaamste oorsake van die onderwerping van die anderskleuriges tot h posisie van armode en chroniese onderdanigheid. Vóór die ontdekking van diamante en goud was daar nie juis sprake van kapitalistiese boerdery in Suid-Afrika nie. Die boerdery aktiwiteite het die vorm van groot en klein landgoedere aangeneem met hoofsaaklik blanke landhere wat swart, kleurling en blanke huurboerdery op die landgoedere toegelaat het. Op inisiatief van die Britse imperiale owerhede het die oorgang vanaf hierdie "semi-feodale" stelsel vanaf 1880 tot 1920/30 oorgegaan in h stelsel van kapitalistiese boerdery waardeur die swartes (en h deel van die blankes) geproletariseer is en omskep is in h reservoier van goedkoop arbeid vir die myne en fabriek.

Hoewel die Engelsspreekendes slegs veertig persent van die blanke bevolking uitgemaak het, het die Engelse establishment (waaraan die kapitalistiese mynhuise die kern gevorm het) daarin geslaag om met behulp van veral kapitalisties-georiënteerde boere (tot 1924) en met behulp van h koalisie regering (1933 - 1939) die politiek in 29 van die eerste 38 jaar ná Uniewording te beheer. Die beheer wat die Engelse establishment byna ononderbroke tot 1948 oor die politiek gehad het, het beteken dat die ekonomiese én politieke mag in die hande van h baie klein en baie ryk gemeenskap saamgetrek was. Hierdie mag is op h byna meedoënlose wyse gebruik (en selfs misbruik) om die seksionalistiese belange van hierdie klein deel van die bevolking (en van buitelandse aandeelhouders) te bevorder op grond van die burgerstand fiksie dat kapitalistiese georiënteerde ekonomiese groei die bevolking as geheel sou bevorder. In die praktyk het die ander groepe (insluitende die Afrikaners) aanvanklik baie min gebaat by kapitalistiese groei. Hulle is eerder in h toestand van chroniese afhanklikheid gedompel.

Die rol wat die opbou van die kapitalistiese ekonomie gespeel het om aan apartheid sy ekonomiese beslag te gee, moet nie geïnterpreteer word as kritiek ten die kapitalistiese stelsel as sodanig nie. Wat

van besonder belang vir die "wordingsgeskiedenis" van apartheid was, is dat die besondere soort kapitalistiese stelsel wat hier uitgebou is, nie alleen h ongetemde vorm van laissez-faire kapitalisme was nie, maar ook h verlengstuk was van 19de eeuse Britse koloniale kapitalisme en die soort uitbuiting wat daarmee gepaard gegaan het.

Die Kamer van Mynwese het die kern van die English establishment en van die verlengstuk van Britse koloniale kapitalisme in Suid-Afrika uitgemaak. Min dinge illustreer die noue interafhanklikheid tussen kapitalisme en apartheid (in sy ekonomiese dimensie) so duidelik soos die optrede van die goudmyn. Vanaf 1911 tot 1969 het die gesamentlike loon van blanke mynwerkers 20 persent van die totale ontvangste van die mynmaatskappye uitgemaak. Die aantal swart- tot blanke mynwerkers het matig gestyg van 8,4/1 in 1911 tot 9/1 in 1969. Nogtans het die totale kontantloon van swart mynwerkers van 16 persent vir totale ontvangste van die goudmyn in 1911 na 11 persent in 1941 en na minder as 9 persent in 1969 gedaal! Die beskikbaarheid van buitelandse swartarbeid het natuurlik h belangrike bydrae gelewer tot die daling in reële lone van swart mynwerkers. Hoewel die dividende wat die goudmyn uitbetaal het geskommel het was dit gemiddeld byna 18 persent van totale ontvangste vanaf 1911 tot 1969 (vgl. Wilson, 1972, Tabel 5 en Appendix 2 en 4 in Houghton, 1967, Hoofstuk 5). Die reusagtige winste van die goudmyn (indien renteverdienste en verskuilde winste bygereken word), het nie alleen h klein elite (en buitelandse aandeelhouders) in staat gestel om in ongekende weelde te leef nie, maar het die mynhuise ook in staat gestel om (deels ook vanweë hulle groot politieke invloed) hulle ekonomiese magposisie na ander dele van die ekonomie, soos die res van die mynwese, die finansiële instellings en die nywerheidsweese uit te brei. Die opkoms van kapitalisme in Suid-Afrika is beslis onlosmaakbaar verbind aan die benutting van goedkoop swartarbeid onder die apartheidstelsel en daar bestaan genoeg grond om alternatiewelik van kapitalistiese apartheid en van apartheidskapitalisme te praat.

Die rol wat die Engelse establishment en Genl. Smuts gespeel het om vóór 1948 aan apartheid sy strukturele beslag te gee, word kernagtig saamgevat deur Paul Johnson: "The structural essentials of white supremacy and physical segregation existed before the United Party lost power to the Boer Nationalists in May 1948". (Johnson, 1984, p. 521). Ek kursiveer.

5.(b) Die opbou - of die verdere verskansing - van apartheid deur h

sterker politieke en statutêre dimensie daaraan te verleen, hang ten nouste saam met die verarming en gevorseerde verstedeliking van die Afrikaners en met die opkoms van die hoë temperatuur Afrikanernasionalisme in veral die dertiger en veertigerjare.

Ná die Anglo-Boere-oorlog is die idee dat die Afrikaner republieke hulle politieke en ekonomiese "onafhanklikheid" in h moreel onverdedigbare oorlog moes afgee, vir dekades lank in die folklore van die Afrikaners vertroetel. Gevolglik het h sterk gevoel bly voorleef dat die nederlaag wat die Afrikaners teen die blinde magte van Britse kolonialisme en kapitalisme gely het, met behulp van veral politieke optrede - maar desnoods ook op ander maniere - reggestel behoort te word.

Afrikanernasionalisme was hoofsaaklik h underdog en/of h petite-bourgeoisie fenomeen. As sodanig het dit die nodige organisatoriese en ideologiese stukrag aan die Nasionale Party in die verkiesing van 1948, en in die dekades daarna, verleen. Die verarmde Afrikaners het in die veertigerjare hulle haglike ekonomiese omstandighede toegeskryf aan die gesamentlike effek van voortgesette Britse koloniale kapitalisme en die Engelssprekendes se dominerende posisie op ekonomiese en politieke gebied, enersyds, en aan swart en Kleurling mededinging in h te "oop" arbeidsmark, andersyds. Die stryd tussen die twee blanke taalgroepe het gevolglik in h ideologiese en h klasestryd tussen die (werklike en vermeende) Afrikaner "underdogs" en die (werklike en vermeende) Engelse "upperdogs" ontaard. Die Victoriaanse kulturele meerderwaardigheid wat deur die Engelse establishment (waarvan die Engelstalige koerante h integrale deel gevorm het) geprojekteer is, het met groot misnoë in Afrikanerkringe bejeën. Al hierdie faktore het h belangrike rol gespeel in die oormatige opwelling van Afrikaner-nasionalisme in veral die dertiger- en veertigerjare. Ander gebeure wat in die dertigerjare die Afrikaner-nasionalisme gestimuleer het, was die vertaling van die Bybel in Afrikaans, die letterkundige oplewing, die simboliese Groot Trek van 1938 en die politieke verdeeldheid ná 1934. Die NG-Kerk het baie nou betrokke geraak by die armblanke-vraagstuk en mettertyd h belangrike medespeler in die propagering van Afrikanernasionalisme geword.

Die meeste apartheidsmatreëls het die blankes in h beskermde en ver-skante posisie geplaas, sodat hulle nie deur allerhande vorme van mededinging met anderskleuriges benadeel sou word nie en sodat kulturele

en ekonomiese ofheffing makliker kon plaasvind. Owerheidsbesteding - in die vorm van landbousubsidies, onderwys, behuising, welsynsdienste, ens. - het die Afrikaners op 'n veelheid van maniere bevoordeel. Dit ly geen twyfel nie dat owerheidsoprede in die jare vyftig en sestig 'n redelike groot oordrag van inkomme vanaf Engelsprekende belastingbetalers na die Afrikaners bewerkstellig het.

Die ruwe en statutêre onbuigbare wyse waarop die Nasionale regering aan die politieke dimensies van apartheid gestalte gegee het, is agterna gesien 'n baie ongelukkige fase in die geskiedenis van Suid-Afrika. Maar die feit dat voortgegaan is met die toepassing en die handhawing van die politieke dimensie nadat die armlanke-vraagstuk opgelos is, nadat die vrees van 'n bestaans- en/of identiteitskrisis ongegrond geblyk te wees het en nadat die Afrikaner hulle as 'n selfstandige kulturele entiteit gevestig het, is soveel te meer betreuenswaardig. Indien 'n mens die Laissez-faire onverskilligheid waarmee die Engelse establishment oor 'n tydperk van 'n halwe eeu die ontwrigtende en proletariserende effek van Britse koloniale kapitalisme op die anderskleurige bevolkingsgroepe (en op 'n deel van die Afrikaners), bejeën het, in ag neem, dan was een of ander politieke "ingryping" ter wille van die welsynsbelange van die verarmde Afrikaners beslis nodig in die jare onmiddellik ná die Tweede Wêreldoorlog. Maar na ongeveer 15 of 20 jaar het die politieke dimensie van apartheid - as synde welsynstaatsbeleid - die gewenste effek gehad. Die grootste deel van die Afrikaners het toe 'n redelike bevoorregte middelstandleweenswyse bereik en hulle kulturele selfstandigheid was verseker. Toe het die regverdiging vir 'n beleid van finansiële en statutêre bevooringting van die blankes ten koste van die ander bevolkingsgroepe grootliks verval. Teen daardie tyd was die vrees omtrent die identiteitskrisis waarin die Afrikaners sou verkeer, ook nie meer geoorloof nie.

Teen die tweede helfte van die sestigjarige moes 'n beleid om die struktuur van apartheid - in albei sy dimensies - af te takel in alle erns 'n aanvang geneem het en moes die welsynstaat-voordele teen 'n veelvinniger tempo na die anderskleurige bevolkingsgroepe uitgebrei gewees het. Dit is bitter jammer dat die konstitusionele en sosiaal-ekonomiese hervorming wat die regering in die afgelope vyf jaar deurgevoer het, nie reeds teen die einde van die sestigjarige in alle erns 'n aanvang geneem het nie. Die feit dat dit nie gebeur het nie, is uit 'n morele en 'n sosiale welvaartsopspunt onverdedigbaar. Dat dit nie gebeur het nie, moet waarskynlik deels toegeskryf word aan die feit dat die

anderskleurige bevolkingsgroepe volledig ontkieser was en deels aan die feit dat 'n regtervluel binne die Nasionale Party teen daardie tyd effektiewe beheer oor die regering verkry het en dit gedurende die regeringstyd van Mr Vorster behou het.

6. Die doelmatigheid van die Suid-Afrikaanse stelsel kan alleen herstel word, as apartheid geleidelik afgetakel word en daar terselfdertyd gebou word aan die strukture van 'n nuwe Suid-Afrika. Hierdie proses van verandering sal net redelik evolusionêr kan verloop as die blankes die inisiatief daarin neem. Dit stel die blankes voor vier baie moeilike uitdagings;

(i) Eerstens, sal die bestaande burgerstandwaardes en oortuigings van die blankes moet plek maak vir 'n lewensinsteldeel wat minder materialisties, minder eksklusief blank en meer langtermyn en -gemeenskapsgeoriënteerd (d.w.s. 'n gemeenskap wat alle groepe insluit) sal wees, terwyl die onrealistiese en die radikale verwagtings wat in sekere anderskleurige kringe bestaan, ook dramaties afgeskaal sal moet word. Vanweë die verwerende posisie van die blankes sal dit 'n bitter moeilike taak wees om hulle omtrent die noodsaaklikheid van 'n meer beskeie lewenspatroon op te voed.

(ii) Tweedens, sal belangrike strukturele aanpassings t.o.v. die ekonomiese stelsel aangebring moet word om die doeltreffendheid daarvan te verbeter, om dit meer responsief vir die welvaartsbelange van die swartes te maak, om die strukturele neiging na onstabieliteit teen te werk en om die skerp inkomme-ongelykheid en armoede van anderskleuriges so goed as moontlik te versag.

(iii) Op sosiale gebied sal die oorblywende apartheidsmatreëls wat vir die onnodige "kompartementalisering" van die gemeenskap verantwoordelik is, afgetakel moet word en vervang moet word met 'n sosiale stratifikasie wat doelbewus dwars-snydende belangegroeperinge en gemeenskaplike waardes sal bevorder.

(iv) Vierdens, sal konstitusionele strukture opgebou moet word, wat enersyds aan al die bevolkingsgroepe 'n bevestigende aandeel in die besluitnemingproses op al die owerheidsvlakke sal gee, maar andersyds ook die nodige kontrole meganismes sal inhou om te verseker dat die eise wat deur die politieke proses gegeneer gaan word, nie die beperkte vermoë van die hoofsaaklik Derdewêreld-ekonomie sal oorspan

en beskafde standarde in gevaar sal stel nie. Dit is baie belangrik dat die swartes 'n aktiewe rol in die ontwerp van nuwe konstitusionele bedeling sal speel. In die ontwerp van so 'n nuwe grondwet moet rekening gehou word met die feit dat die moderne sektor van die ekonomie te klein en te kwesbaar is en dat sy belastingkapasiteit te beperk is om 'n een-mens-een-stem-volksdemokratiese stelsel en die daarmee gepaardgaande volgroeiende welvynstaat vir die totale bevolking toe te laat.

Oor die denkrevolusie en die noodsaaklike hervorming op sosiale gebied kan ek baie sê. Ongelukkig laat die tyd dit nie toe nie. (Diegene wat belangstel in my opvattinge hieroor, kan maar my te verskene boek aanskaf.)

7.(a) Die ekonomiese en politieke implikasie van die afskaffing van apartheid kan ook net in breë trekke behandel word. Die ekonomiese hindernisse wat oorkom moet word, hang baie nou saam met die dualistiese of tweewêreld-karakter van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Sowat 'n kwart van die bevolking is Eerstewêreld-mense en is volledig ingeskakel by die moderne sektor van die ekonomie, terwyl sowat 'n drie-kwart van die bevolking Derdewêreld-mense is wat net gedeeltelik of gladnie ingeskakel is by die moderne sektor nie. Vanweë die vinrige aanwaskoers van die swartes moet 'n groeiende getal 'n lewens-tog in die sg. periferele sektore van die ekonomie verdien - dit is die primitiewe onderhoudeksonomie in die Nasionale State en die informele sektor wat skerp gaan groei in die metropolitaanse gebiede. 'n Baie groot persentasie van die Kleurlinge en swartes leef in sorgwekkende armoede en dit sal ernstig aangespreek moet word deur die hervormingsmaatreëls.

'n Mens sou kon beweer dat die tweewêreld-karakter van Suid-Afrika nie deur apartheid "geskep" is nie, maar dat dit die resultaat of verlengstuk is van Europese kolonialisme in 'n Afrika land. Ek sou met so 'n stelling kan saamstem. Maar dit kan egter nie ontken word nie, dat sowel die ekonomiese as die politieke dimensies van apartheid die oorspronklike tweewêreld-karakter van Suid-Afrika as 't ware ge-enkapsuleer het en in 'n sterker mate laat voortleef as wat die geval sou gewees het as albei die dimensies van apartheid nie so sterk teen anderskleuriges gediskrimineer het nie. Albei die dimensies van apartheid het die blankes (en 'n deel van die anderskleuriges) beslis in 'n relatief te bevoorregte en te verskanste posisie geplaas vis-à-vis die res van die Suid-Afrikaanse bevolking. 'n Regstelling

van hierdie ongelukkige strukturele wantoestand kan nie langer uitgestel word nie. Die regstelling hiervan behels veel meer as die afskaffing van diskriminerende wetgewing.

Die aftakeling van apartheid gaan onvermydelik vereis dat die welvynstaat voordele (soos onderwys, behuising en welvynsdienste) in 'n veel groter mate tot die beskikking van die ander bevolkingsgroepe gestel sal moet word, as wat tot nog toe die geval was. Die probleme rondom gelyker geleentheid en die relatiewe armoede in anderskleurige geleedere is so groot dat selfs al sou 'n hoë groeiakoers behaal kan word en selfs al sou redelik en grootkeepse herverdeling kan plaasvind, die armoede probleme vir baie land onopgelos sal bly. Die vernaamste rede hiervoor is die hoë koers waarmee die swartbevolking aangroei.

Hierdie negatiewe gevolgtrekking kan nie as verskoning dien waarom daar nie vanaf owerheidswêreld maatreëls getref sal word om, so goed as wat enjigins moontlik is, in almal se basiese bestaansbehoeftes te voorsien, om deur die verskaffing (en die "oopstelling") van gemeenskapsfasiliteite die lewenskwaliteit van die armer dele van die bevolking te probeer verbeter en om omvattend gesinsbeplanningsmaatreëls te tref nie. Om dit moontlik te maak, sal die belastinglas op die ryker (d.w.s. hoofsaaklik die blanke) deel van die bevolking aansienlik verhoog moet word en sal blanke lewenstandarde na meer realistiese vlakke afgeskaal moet word. Boonop sal die standaard van blanke gemeenskapsfasiliteite en welvynstaatsdiensle aansienlik afgeskaal moet word.

Selfs al sou 'n redelike groeiakoers van sê 3 persent per jaar gehandhaaf kan word tot aan die einde van die eeu (en dit lyk nie haalbaar nie), sal die blanke se lewenstandarde teen die einde van die eeu met sê 30 persent laer wees as op die oomblik. Vanweë verskeie sikliese faktore is die lewenstandarde van die blankes in die afgelope vyf jaar reeds afwaarts aangepas. Wiskelkoersprobleme en boikotte het hulle posisie verder verswak. Indien die blankes nou nog boonop moet opdok vanweë strukturele hervorming, sal hulle dit bitter moeilik kan absorbeer - veral aangesien sommige baie meer as ander sal moet opdok. Maar die blankes het geen keuse nie. Indien die hervorming nie sigbare verbetering in die lewenskwaliteit en die geleentheid van die swartes gaan meebbring nie, kan die buiteland sy boikot-aksie verskerp met baie nadelige gevolge. Of die blankes dit wil erken of nie, hulle het dit vir te lank te goed gehad. Hulle bevind hulle nou

tussen die spreekwoordelike duivel en die diep blou see. Die blankes sal slegs kop bo water kan hou as hulle suksesvol in die stormsee kan swem. Mettertyd sal hulle hoopelik weer in kalmer waters kan visvang. Maar dit gaan waarskynlik 'n redelike lang en moeisame swem verg voordat hierdie kalm waters bereik gaan word. Beskik die blankes oor 'n sodanige aanpassing en opofferingsvermoë? Waarskynlik nie. Kan hulle daartoe opgevoed word? Ek weet nie. Wanneer ek die noodsaaklike afskaling van blanke lewenstandaarde en welsynstaatsvoordele beklemtoon, het ek beslis nie die ondermyning van beskaafde en/of "Westerse" standaarde op oog nie. Nogtans is daar een ding wat die blankes klinkklaar sal moet beëf. Die relatiewe rykdom waarin hulle tans leef en die luukse welsynstaatsvoordele wat tot hulle beskikking is, is nie 'n voorvereiste vir die handhawing van beskaafde standaarde nie. Hoë en beskaafde lewenstandaarde moet nie met mekaar verwar word nie.

7.(b) Die aftakeling van die politieke dimensie van apartheid sal alleen ordelik kan plaasvind as die demokrasie geleidelik verbreed kan word, magsdeling tot stand kan kom en die welsynstaatsvoordele in 'n groeiende mate tot die beskikking van die ander bevolkingsgroepe gestel kan word. In die ordelike aftakeling van die politieke en sosiale dimensies van apartheid sal 'n hervormde grondwet 'n sleutelrol moet speel. Dit is nie die bedoeling om hier 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika in besonderhede uit te werk nie. Só 'n grondwet sal egter net ekonomies lewensvatbaar wees, indien dit aan die volgende drie voorwaardes kan voldoen:

Eerstens, moet dit aan die swartes (en ook aan die Kleurlinge en Asiërs) 'n noodsaaklike minimum of politieke bedingingsmag verleen om hulle in staat te stel om fiskale besluite vanuit hulle oogpunt tot 'n bevestigende vlak te beïnvloed. In hoeverre die blankes wat vernewen geraak het aan 'n "oormaat" van politieke bedingingsmag, bereid gaan wees om via die parlement die nodige "ruimte" te skep vir 'n noodsaaklike minimum van swart bedingingsmag, gaan 'n baie brandende probleem word - as dit nie reeds die geval is nie. En as die parlement nie 'n werktuig vir voldoende hervorming kan wees nie - wat dan? Ek weet nie.

Tweedens, moet dit sommige van die gevestigde belange van die verwende blanke bevolking, vir ten minste die voorsienbare toekoms, sodanig beskerm word dat dit aan die blankes die geleentheid sal bied om hulle by 'n minder luukse welsynstaatsvoordele en my meer realistiese lewenstandaarde aan te pas. Gebeur dit nie, kan die stabiliteit van die stelsel net soseer - of miskien eerder - deur regse revolusionêre optrede (uit blanke geleedere) as deur links-revolusionêre optrede ondermyn word. Dit is 'n ekelike vooruitsig.

Derdens, moet dit die nodige beperkings in die grondwet inbou om te verseker dat die nuwe politieke stelsel nie soveel eise sal genereer dat die vermoë van die relatief klein en nogal kweesbare moderne sektor sal oorspan en die voortbestaan van 'n beskaafde Westerse lewenswyse in gevaar sal stel nie. Voortgesette vyandigheid vanuit die buiteland gaan so 'n "formule" moeilik haalbaar maak.

7.(c) Maar dit is nie voldoende om net die politieke dimensie van apartheid af te takel nie. Apartheidskapitalisme sal ook geleidelik vervang moet word met 'n ekonomiese stelsel wat meer doelmatig sal funksioneer om die sosiale welvaart van die totale bevolking - d.w.s. die 32 miljoen tans - te bevorder. Kom ons noem die nuwe stelsel 'n aangepaste of welsynstaatskapitalisme. Presies hoe hierdie stelsel gaan lyk, kan nog nie in besonderhede uitgespel word nie. Maar een ding is seker en dit is dat 'n vyemerk kapitalistiese stelsel (wat daarop bereken is om die gevestigde belange van diegene in bevoorregte en verskanste posities is, te beskerm) nie die rigting is waarheen die ekonomiese stelsel "gebui" kan word nie en ook nie die rigting waarin dit "gebui" behoort te word nie. Die retoriek van die vryemarkiers spruit voort uit 'n regse ekonomiese ideologie wat altemins pas in die Derdewêreld-situasie waarin Suid-Afrika hom bevind. Dit is 'n magtige ironie dat daar met subtiële propaganda gepoog word om aan apartheidskapitalisme 'n voortgesette lewensstog te gee deur so hoog op te gee omtrent die (vermeende) verdienstes van die beweerde vryemarkstelsel wat in Suid-Afrika sou bestaan. Maar so 'n stelsel bestaan nie hier nie en kan beslis ook nie hier gerealiseer word nie. Die vryemarkiers kan maar daarvan vergeet om die uitgediende - en in elk geval nie toepaslike - vryemarkekonomie aan die swartes te "verkoop".

Ek vertrou dat die sakesektor (en die Engelse establishment) hulle net so sterk virstrukturele verandering op ekonomiese gebied sal beywer soos wat hulle hul tans beywer virstrukturele verandering op politieke en/of konstitusionele gebied. Ek vertrou dat die sakesektor ook beëf dat hulle hulle sosiale verantwoordelikeid teenoor die anderskleuriges - ook om vir die foute van die verlede te kompenseer - nog by verre nie nêkom nie. Gebeur bogenoemde twee dinge nie, loop die sakesektor die gevaar dat kragtige ontkeien kan word wat 'n radikale verandering van die ekonomiese stelsel sal probeer bewerkstellig.

Die hoofdoel van 'n aangepaste ekonomiese stelsel - wat hopelik nog op markgeoriënteerde beginsels gebaseer sal wees - sal wees om die swartes in 'n groter mate in die hoofstroom van ekonomiese aktiwiteite te betrek. Die beleid van deregulering en privatisering lyk na 'n betekenisvolle begin in so 'n rigting.

Maar ingrypernder organisatoriese aanpassings sal in sowel die openbare as die private sektore aangebring moet word. Só bv. sal die rol wat die "aangepaste owerheid" (d.w.s. die "owerheid" waarin vir swatdeelname plek ingeruim is) 'n heelwat groter rol in die ekonomie moet speel. Só 'n groter owerheidsdeelname sal onontbeerlik wees om ekonomiese strukture te skep en ekonomiese sktiwiteite in rigtings te kanaliseer wat meer doelmatig vir die bevordering van die sosiale welvaart van al 32 miljoen mense sal wees. Om hierdie nuwe "grensafbakening" tussen die private en openbare sektore moontlik en werkbaar te maak, sal die buitengewone ekonomiese en burokratiese mag van die groot konglomorate in die private sektor op een of ander manier "opgebreek" en/of "geprivatiseer" moet word. Aangesien die meeste van hierdie konglomorate hulle mag en rykdom direk en indirek aan Apartheidskapitalisme ontleen, is dit seker niks minder as reg dat hulle monopolieposisie ook gedeeltelik "afgetakel" sal word, net soos die monopolieposisie van diegene wat dit aan die politieke dimensie van apartheid ontleen, gedeeltelik "afgetakel" gaan word. Die gesamentlike ekonomiese en politieke stelsel - van die post-apartheid Suid-Afrika - sal siegs die gewenste minimum van sensitiwiteit t.o.v. die welvaartsbehoeftes van die swartes kan openbaar as ons met politieke én ekonomiese struktuurveranderinge kan slaag om groter bedingingsmag op albei terreine vir die swartes in te ruim.

Ek het geen twyfel dat die vryemarkiers hierdie opmerkings (soos gewoonlik) met hulle "sosialisme spook" in diskrediet sal probeer bring nie. Maar die vryemarkiers moet maar daarvan kennis neem dat indien hulle sou volhard om broodnodige (evolutionêre) aanpassings in die ekonomiese stelsel te blokkeer met hulle "verkramppte" ideologiese beheptheid met 'n nie-toepaslike stelsel, hulle die gevaar loop dat radikale elemente inderdaad met 'n "sosialistiese oorname" voorendag sal kan kom.

Aangesien dit sosiale welvaart en nie per capita inkome (of private winste) wat op die ou end saak maak, moet ek ook wys op hoe naïef en misplaas die heersende (blanke) ortodoksie is wat in ekonomiese groei die (enigste) sleutel tot die oplossing van alle ekonomiese probleme sien. Wat hierdie soort "groei-manskap" klaarblyklik nie besef nie, is dat ekonomiese groei onder sekere omstandighede - en moontlik bestaan daardie omstandighede tans in Suid-Afrika - eerder deel van die probleem as deel van die oplossing kan wees. (So bv. sou 'n mens die soort "korttermyn spekulasie" waaraan sommige van die konglomorate deelneem, en groot boekwinste daarmee maak, ook as 'n vorm van "disinvestering" - weg vanaf die langtermyn belange van Suid-Afrika - kan beskou.) Indien mens sosiale welvaart as die oorkoepelende doel van die ekonomie en die politiek aanvaar - soos dit hoort - dan ly dit geen twyfel nie dat herverdelingsmaatreëls en toepaslike organisatoriese aanpassings - in sowel die private as openbare sektore - in die eersvolgende jare belangriker as blote (kapitaalintensiewe) ekonomiese groei gaan wees. Almal wat so sterk ten gunste van die aftakeling van apartheid is, moet asseblief hiervan kennis neem.

8. Dit is miskien nog te vroeg om in besonderhede modelantwoorde te probeer gee oor hoe die toepaslike politieke en ekonomiese strukture in die post-apartheid Suid-Afrika gaan lyk. Duidelikheid oor hoe hierdie strukture moet lyk, sal net deur middel van onderhandelinge bepaal kan word. Dit is verblydend dat die gesprek oor moontlike grondwetlike strukture so baie aandag kry. Maar ongelukkig word daar veels te min gepraat oor watter ekonomiese stelsel doelmatig vir die Suid-Afrika van die toekoms gaan wees. Twee faktore is waarskynlik hiervoor verantwoordelik. Eerstens word daar te eensydig op die konstitusionele stelsel van die toekoms gekonsentreer. Tweedens skep die oordonderende propaganda van die vryemarkiers (wat hoofsaaklik die spreekbuis van die groot konglomorate is) die valse indruk dat die vryemarkekonomie die ekonomiese stelsel is waarna gestreef behoort te word. Gevolglik word die soeke na 'n werklik toepaslike alternatief erg verwaarloos.

Voordat met finale "oplossings" ten opsigte van die politieke en ekonomiese strukture na vore gekom kan word, sal ons eers van ontoepaslike ideologiese opvattinge en vooroordele ontslae moet raak en sal die aard en die omvang van die probleem-situasie in veel naaktere terme oopgeklou moet word. Die kern van die probleem is waarskynlik opgesluit in die vraag hoe ons 'n billike en stabiele "saamleef verhouding" tussen die relatief klein "verlengstuk" van die Eerste Wêreld en die groot Derdewêreldsektor kan bewerkstellig en wel op 'n wyse wat nie die voortbestaan van beskaafde standarde in gevaar sal stel nie. Of dit moontlik is, sal net die toekoms kan leer.